



7 Mei 2017 **Rapport**

**Sport 15**

# BBC, dis S-I-M-B-I-N-E

## Akani blaf hardste in stryd met groot honde

**Marizanne Kok**

Nadat Akani Simbine Vrydag aand by die jaar se eerste Diamantliga-atletiekbyeenkoms in Doha met 'n paar van wêreldatletiek se groot honde afgereken het, het die BBC dit goedgedink om te twiet: "Justin Gatlin and Andre de Grasse were beaten in the 100 m at the Doha Diamond League."

Die Suid-Afrikaanse atletiekgemeenskap was nie gelukkig nie. Maar die Pretoriase blits se ondersteuners kan rustig slaap, want Simbine se seges sal nie sommer weer so uit die opskrifte gelaat word nie. Daarvoor is die vroeë tekens dat 'n gróót 2017 op hom wag darem net te sterk.

As Simbine Vrydag aand één ding bewys het, is dit dat hy nie vanjaar gaan verwerk voor enige-  
mand nie.

Nie die Olimpiese silwermedaljenner, Gatlin, óf die Jamaikaanse blits Asafa Powell óf Kanada se De Grasse nie. Wat 'n jammerte dat Usain Bolt nou besig is om sy spykerskoene weg te bère.

Simbine het die 100 m Vrydag aand vir die sesde keer vanjaar in minder as 10 sekondes afgereken, toe hy met 'n tyd van 9.99 oor die ander sterkmanne op die tartan geseëvier het.

Die 34-jarige Powell, 'n voormalige Statebond-kampioen wat altesame 97 sub-10-100's agter sy naam het, was tweede in 10.08, met Katar se Femi Ogunode derde in 10.13. Gatlin was met 'n 10.14 vierde en De Grasse vyfde in 10.21.

Simbine het die eerste Suid-Afrikaner ooit geword wat die 100 m in die Diamantliga-reeks kon wen en in die proses finaal



Akani Simbine (links) het Vrydag haksene gewys vir Justin Gatlin en Asafa Powell. | FOTO: GETTY IMAGES

seker gemaak dat sy vermoë bo verdenking is om op enige plek in die wêreld en in enige stadium

van die seisoen deur daardie 10 sekonde-grens te breek. Die 23-jarige het dit nou reeds

13 keer vermag. "Ek sien regtig baie uit na die Wêreldkampioenskap," het Sim-



**6**

**Caster Semenya (foto) het nou in al ses haar laaste Diamantliga-byeenkomste koning gekraai in die 800 m vir vroue.**

bine oor die jaar se hoogtepunt, in Augustus in Londen gesê. "Ek het hierheen gekom en motive-

ring vir die res van die seisoen gekry, wat is waarvoor ek gehoop het."

Sy sukses is ook motivering vir die groep jong SA blitse wat die laaste paar maande op eie bodem teen hom in aksie was.

"Ons het 'n WhatsApp-groep en die outjies was omtrent uit hul velle ná Akani se sege," het Hennie Kriel, wat onder andere die tieners Gift Leotlela en Clarence Munyai by Tuks afrig, gesê. "Dit wys hulle dat hulle ook daar kan uitkom."

Die ander Suid-Afrikaanse uitblikker in Doha was Caster Semenya, wat haar eerste internasionale kompetisie van die jaar met 'n wentyd van 1 minuut en 56.61 sekondes in die 800 m gevier het.

Semenya was verlede jaar die algehele Diamantliga-wenner in dié item nadat sy by al vyf die byeenkomste waarvan sy deelgeneem het, gewen het.

Lj van Zyl was derde in die 400-hekkies, met 'n tyd van 49.49, en Cornel Fredericks vyfde (49.96). Katar se Abderrahman Samba (48.44) het gewen.

